



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2009

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

| | | Handtekening | Datum |
|---|---|---|---|
| INTERNE MODERATOR | Dr. J. Swanepoel | | |
| EKSTERNE MODERATOR | Mev. M. Venter | | |
| EKSTERNE MODERATOR | Prof. A. Coetser | | |

**Hierdie memorandum bestaan uit 31 bladsye en 'n 5-bladsy bylae.**

**NASIENRIGLYNE**

Kopiereg voorbehou

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)

2. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

3. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus 'n motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.

4. Indien die kandidaat JA/NEE sê, maar die motivering weerspreek , verloor die kandidaat die punt.

5. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:
    - 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u>
    - 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
        - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
        - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken.

6. Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels)

7. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

8. Aanvaar dialektiese variasies.

9. Indien die kandidaat kru-taal gebruik, word dit as verkeerd aangedui.

10 Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

11 Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

12 As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

13 As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

14 Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het nie. As die opstel

te lank is, laat ’n oorskryding van ’n maksimum van 50 woorde (disjunkte ortografie) toe en ignoreer die res van die opstel.

15. Regmerkies kan gebruik word om feite aan te dui. Ter wille van nasien kan regmerkies gebruik word om feite aan te dui.

| VERDUIDELIKING | SIMBOOL | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Woordorde | ( . . . ) | Hakies |
| Spelfout | __ | Kort strepie onder ’n woord |
| Woordkeuse | / | Haal met ’n streep deur |
| Tydfoute | T (in die kantlyn) | Hoofletter *T* |
| Woord(e) weggelaat | ^ | Weglaatteken |
| Paragraafindeling | // | Dubbel skuinsstreep |
| Herhaling | hh (in die kantlyn) | Dubbele *hh* |
| Onduidelik/onverstaanbaar | ∫ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Saamgeflans uit vraestel | Vr (in die kantlyn) | Hoofletter V kleinletter r |
| Punktuasie | O | Omkring |

16 'n Kandidaat word nie gepenaliseer as aanhalingstekens ontbreek nie, al vereis die vraag dit.

17 Punte word soos volg aangedui:

I =
S =

Punt

18 Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

19 By ’n vraag waar enige GEBEURE in die korrekte volgorde gerangskik moet word, verdien die kandidaat EEN punt per korrekte antwoord mits dit op die korrekte plek staan.

20 Elke half punt word tot ’n hele afgerond.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

### *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

| |
|---|
| By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlik feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. |

Gebruik die rubriek na VRAAG 16.

**Inleiding:**
- Die stelling word sinvol ingelei.

**Saul se eerste besoek aan die dorp/Hulle neem die waenhout dorp toe:**

- Die mense dra ander klere.
- Geboue was vir hom vreemd.
- Sien eerste maal kinders wat skoolgaan.
- Ontmoet Kate vir die eerste maal.
- Saul besef dat die dorp en die bos nie dieselfde ding is nie.
- Hy besef vir die eerste maal dat hulle anders is.
- Hy sien vir die eerste maal hoe sy pa verneder word.

**Saul gaan vir die tweede keer dorp:**

- Gaan saam met oom Andries dorp toe.
- Moes vir "Goodfor" vra.
- Sien vir die eerste maal die see.
- Sien Kate vir die tweede maal.
- Hy maak kennis met die leuens van die houtkopers (Kate vertel hom hoe haar pa-hulle die invoor in die hande kry – olifante se tande word getrek.)
- MacDonald bied hom werk aan.

**Saul se vriendskap met Kate:**
- Kate leer vir Saul om Engels te lees.
- Saul leer klasseverskille: Kate is verbode, net soos die Public Library.
- Saul leer die dorpsmense se siening van die bosmense (dom).
- Saul hoor van die gerugte van goud by Kate.
- Saul se liefde vir Kate ontwaak.

**Die houtkooptaktiek van die houtkopers en/of die skewe sirkel:**
- Die houtkopers wil altyd ander hout hê as wat houtkappers voorsien.
- Die houtkopers betaal nooit met geld nie; slegs goodfors of skuld op die boek.
- Die goeie, mooi hout word altyd as derdeklashout aangeteken.
- Die prys vir elke wavrag hout word vooraf bepaal.
- Die houtkopers span saam teen houtkappers. Hulle jaag waens weg.
- Die houtkappers roei die Bos uit en lewer ivoor om inkomste aan te vul.

- Die houtkappers is te dom om die skaal te lees/skuldinskrywings te kontroleer.
- Die houtkappers vernietig hulself op ’n pad wat nêrens heen lei nie./Al werk hulle hoe hard, word hulle in die skuld gehou.
- **Skewe sirkel**: Die houtkopers mergel houtkappers uit → die houtkappers roei die bos uit (bome en olifante) → die goewerment vra aan die een kant bewaring van bos en aan die ander kant druk hulle vir dwarslêers.

**Saul en Patterson se besoek aan die Bos:**

- Saul leer by Patterson alles oor goud: waar om te delf, hoe om te delf, waar om te verkoop.
- Die ontdekking van goud laat Saul besef dat houtkappers hier ’n uitkoms het.

**Slot:**

- Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

***KRINGE IN ’N BOS*** **– Dalene Matthee**

| **NR.** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Stopforth het vir Oupoot geskiet.<br>OF<br>Stopforth het die olifant geskiet. (’n olifant is verkeerd.) | (1) | 1 |
| 2.2 | Om vir Saul te wys hoe die delwers met die bos “gemors” het.<br>OF<br>Maska (hy) wil Saul teruglok bos toe. | (1) | 1 |
| 2.3 | Hulle skiet grootvoete (olifante) vir die tande.<br>OF<br>Hulle verkoop die olifanttande (ivoor). | (1) | 1 |
| 2.4.1 | (’n) geboorte | (1) | 3 |
| 2.4.2 | Jozef se kind geskep het (volledig oorgeskryf) | (1) | 3 |
| 2.4.3 | Alleenheid | (1) | 3 |
| 2.4.4 | saam met ’n trop te loop kwaad doen (volledig oorgeskryf) | (1) | 3 |
| 2.5 | Saul was Oupoot se mens-broer/Oupoot was Saul se dier-broer.<br>Oupoot was altyd daar wanneer Saul in die moeilikheid is.<br>Oupoot hoort in die Bos.<br>Hy wou nie dat mense (iemand) geld maak uit Oupoot se dood nie.<br>(Enige TWEE aanvaarbare feite) | (2) | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.6 | A/reeds op die Pictor was om finaal van Knysna af weg te gaan. | | (1) | 3 |
| 2.7 | D | Saul delf vir ses jaar goud in die Bos. | | |
| | C | Saul ontvang besoek van Caroline MacDonald. | | |
| | A | Saul leer op Swellendam om ’n meubelmaker te word | | |
| | B | Saul besluit om finaal aan boord van die Pictor te gaan. | (4) | 2 |
| 2.8.1 | Onwaar | | (1) | 3 |
| 2.8.2 | Die erwe was waardeloos.<br>Hy het boswerkers **altyd** gekul.<br>Daar was nog net planne.<br>Daar was nog nie werklike erwe nie. (Enige EEN) | | (1) | 3 |
| 2.9 | Sy het siek gelyk.<br>Sy het bleek gelyk.<br>Sy het maerder gelyk.<br>Syhet moeg gelyk.<br>Sy het nie goed gelyk nie.<br>Sy het sleg gelyk.<br>Haar voorkoms het hom geskok. (Enige EEN) | | (1) | 1 |
| 2.10 | Joram het hardkoppig geweier.<br>Joram het botweg geweier.<br>Hy het geweier om die houtkappery te verlaat om goud te delf.<br>Hy sê hulle is houtkappers; nie goudgrawers nie.<br>Sy pa kon Saul nooit verstaan nie – hulle het verskillend gedink oor die Bos/lewe. (Enige EEN) | | (1) | 1 |
| 2.11.1 | C | Saul het dit gewaag om die bloubokkie se kop oop te kap. | | |
| 2.11.2 | E | Saul het geweier om die kalander te kap. | | |
| 2.11.3 | A | Saul het geweier om langer ’n pad te loop wat nêrens uitkom nie. | | |
| 2.11.4 | F | Jozef beskuldig Saul daarvan dat hy vir Harison spaai. | | |
| 2.11.5 | B | Kate was verbaas dat Saul slim was. | (5) | 2 |
| 2.12 | C | alle houtkappers en hulle kinders nie wild en vuil is nie. | (1) | 3 |

2.13 Hoe Saul aan die einde van die verhaal uitreik na Jozef en hoe Jozef reageer:

**Saul se aanbod aan Jozef:**

- Hy betaal kontant vir die hout.
- Hy koop van die volgende week af hout.
- Hy is verleë oor hout.
- Hy koop hout op voorwaarde dat dit alleenlik hout is met die Boswagter se merk daarop.
- Saul het ook vir Jozef nodig om vir hom te help om ’n skuur en werkplek op te rig.
- Saul probeer Jozef oortuig dat hy slegs met die hulp van sy broers ’n besigheid kan begin en red wat daar oor is van die

Bos.

**Jozef:**
- Jozef stem saam om saam met Saul "om te draai".
- Hy sal omdraai, maar op sy eie manier.
- As dit hout is wat Saul wil hê, kan Saul dit by Jozef koop.
- Saul sal nie vir Jozef kan "koop" nie.

(Enige VYF feite, maar daar moet ten minste EEN feit oor Saul/Jozef geskryf word. (5) (2)

2.14 C gat in die grondvloer van sy skerm. (1) 3

2.15 D Hy het vir die goewerment as ŉ boswagter begin werk. (1) 3

2.16.1 Waar (1) 3

2.16.2 Saul wil dit nie sê nie, maar sy delwersvriend, Crompton, suggereer dat Saul skatryk geword het.
Uit die teks is dt duidelik dat:
- Saul eiendom kon bekostig.
- Saul sy eie besigheid kon bekostig.
- Saul mooi klere kon dra.
- Saul met ryk mense bevriend kon raak.
- Saul deel van die sosiale opset in Knysna geword het.

(Enige aanvaarbare feit) (1) 3

2.17 Oupoot se seerplek genees.
OF
Hy is 'n gereelde besoeker bo in Meulbos. (2) 1
**[35]**

| **VLAK 1** | **VLAK2** | **VLAK 3** | **VLAK 4** | **VLAK 5** |
|---|---|---|---|---|
| **8** | **14** | **13** | **0** | **0** |
| **63%** | | **37%** | **0%** | |

**VRAAG 3: OPSTELVRAAG**

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlik feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

Gebruik die rubriek na VRAAG 16.

**Inleiding:**
- Die stelling word sinvol ingelei.

**Verhouding tussen die kinders voor die vakansie:**
- Hulle is krapperig/bitsig, bv. Hanna en haar broers se argument oor die lees van haar stories, die deel van kamers in die nuwe huis en die twee jonger seuns wat die ouer kinders tot raserny dryf.

- Hulle is sarkasties teenoor mekaar, veral Yann en Hanna.
- Hulle baklei gedurig, bv. Tibo en Amos.
- Die swak verhouding kom uit die kinders se onsekerheid oor hul plek in hul laslappiegesin.
- Almal stem saam dat die wittebrood nie 'n goeie idee is nie.
- Hul laslappiegesin lyk net soos hulle nuwe huis.

**Verhouding tussen Hanna en haar ma voor die vakansie:**

- Hanna voel ontevrede met haar ma; motor/hoed/verfkwaste in hare.
- Sy is skaam vir haar ma.
- Haar ma aanvaar Hanna onvoorwaardelik.
- Haar ma het een goeie ding gedoen: sy het met Beyers getrou.

**Wat tydens die vakansie gebeur het:**

- Die gesin voel soos skipbreukelinge en is uitgelewer aan mekaar.
- Hulle is van die buitewêreld afgesny.
- Hulle **word gedwing** om dinge saam te doen.
- Hulle stap soggens.
- Hulle kook saam kos.
- Hulle speel speletjies.
- Hulle werk in groepe.
- Hulle hou konsert.
- Margot se koms raak almal.
- Gavin daag op.
- Sharon en Yann raak verlief.
- Hulle leer mekaar se positiewe karaktereienskappe ken; sien mekaar as nuwe mense raak.

**Die geboorte van die baba:**

- Dit is onverwags.
- Dit veroorsaak 'n gemeenskaplike krisis.
- Die gesin het geleer om saam te werk.
- Margot neem leiding.
- Hanna ontwikkel dadelik 'n band met haar babasussie.
- Hanna praat nou net van "my ma".
- Nou het Hanna, nes Fabienne, 'n suster.
- Hanna se verhouding met Sharon het ook verdiep.

**Slot:**

- Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

4.1 Gavin (1) 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.2 | Hy is gay/queen.<br>Hy was vir 14 jaar nie betrokke by Hanna se verjaardae nie.<br>Hy is ‘n mode-ontwerper<br>Sy hare is gekleur<br>Hy het op sy troudag mooier gelyk as bruid.<br>Hy dans op die tafel.<br>Hy was slegs ’n geleentheid vir Mana om ’n kind te hê/ spermskenker.<br>Die tipe geskenke wat hy vir Hanna gee, is ongewoon.<br>(Enige TWEE aanvaarbare feite) | (2) | 3 |
| 4.3 | kreatief is (volledig oorgeskryf) | (1) | 1 |
| 4.4 | Eie opinie, bv.<br><br>Ja, hulle morele waardes (uitkyk op lewe, voorkoms) is anders as haar maats se ouers s’n.<br><br>Nee, om anders te wees, beteken nie hulle is slegter as ander ouers nie, aanvaar haar onvoorwaardelik, hulle is tog lief vir haar.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 4.5.1 | Waar | (1) | 3 |
| 4.5.2 | Sy moedig Tibo aan om pop te speel.<br>Sy moedig Hanna aan om rugby te speel.<br>Hulle noem die baba voor haar geboorte “Ditjie”.<br>(Enige TWEE) | (2) | 3 |
| 4.6.1 | E Hanna Hoekom | (1) | 2 |
| 4.6.2 | C Yann en Sharon | (1) | 2 |
| 4.6.3 | A Ditjie | (1) | 2 |
| 4.6.4 | D Gavin | (1) | 2 |
| 4.6.5 | B Die twee honde | (1) | 2 |
| 4.7.1 | Onwaar | (1) | 3 |
| 4.7.2 | Dis Sharon se pa/ouers wat die helikopter gekry het. | (1) | 3 |
| 4.8 | C sy nie langer Fabienne wil probeer wees nie. | (1) | 3 |
| 4.9 | Haar naam is doodgewoon.<br>Sy het nie ’n vlekkelose vel nie.<br>Haar voorkoms is gemiddeld.<br>Haar lengte is gemiddeld.<br>Haar gewig is gemiddeld.<br>Haar atletiese vermoë is gemiddeld.<br>Haar klaspunte is gemiddeld.<br>Haar gewildheid is gemiddeld.<br>Sy verkies outannie-klere.<br>Sy dra geen grimering nie.<br>Sy voel selfbewus oor haar tande. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige VYF feite) | (5) | 2 |
| 4.10.1 | Waar | (1) | 3 |
| 4.10.2 | Sy is anders as ander ma's.<br>Sy steek verfkwaste in haar hare.<br>Sy dra eienaardige klere (selfs tydens swangerskap). | (1) | 3 |
| 4.11.1 | Sy het haar man.verlaat.<br>Sy het haar kinders verlaat.<br>Sy betower mans met haar skoonheid.<br>Sy misbruik mense.<br>Sy "toor" almal; almal kom onder haar "betowering" (negatiewe).<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 4.11.2 | Sy is onmisbaar tydens Mana se kraamproses.<br>OF<br>Sy maak vir Hanna mooi. | (1) | 3 |
| 4.12.1 | Sharon | (1) | 3 |
| 4.12.2 | Mana | (1) | 3 |
| 4.12.3 | Baba | (1) | 3 |
| 4.12.4 | Margot | (1) | 3 |
| 4.13 | A sy gedurig vrae oor alles gevra het. | (1) | 3 |
| 4.14 | Die onderwyser kan die leerder aanmoedig/prys.<br>Die onderwyser kan wys hy glo in die leerder.<br>Die onderwyser kan raadgee oor skryfwerk/skryftegnieke.<br>Die onderwyser kan inwillig om die leerder se skryfwerk te lees en kommentaar te lewer.<br>Die onderwyser lees vir die leerders stories.<br>Die onderwyser is nooit sarkasties oor skryfwerk (foute) nie.<br>(Enige TWEE aanvaarbare feite) | (2) | 4 |
| 4.15 | Eie opinie, bv.<br>**Ja**:<br>Die **taalgebruik** pas by tieners/Die boek lees maklik.<br>Ek hou van die verhaal omdat dit **tot tieners spreek**/pas by tieners se leefwêreld.<br>Ek kan met die karakters identifiseer.<br>Die verhaal is realisties/sluit aan by die werklikheid/is **modern**/spreek relevante kwessies aan.<br>Leer tieners om die self, die gesin en die omgewing te aanvaar.<br><br>**Nee**:<br>Ek hou nie van die gebrek aan morele waardes in die boek nie.<br>Ek hou nie daarvan nie, want dit is net vir meisies.<br>Ek hou nie van die karakters in die boek nie.<br>Ek hou nie van die gay-karakter in die verhaal nie.<br>(Enige DRIE aanvaarbare feite) | | |

**(Hierdie vraag vra eintlik ’n objektiewe beoordeling. ’n Subjektiewe antwoord word wel aanvaar.)** (3) 5

**[35]**

| VLAK 1 | VLAK2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 3 | 10 | 16 | 4 | 3 |
| 36% | | 44% | 7% | |

OF

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlik feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

Gebruik die rubriek na VRAAG 16.

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**Inleiding:**
- Die stelling word sinvol ingelei.

**Janka se biologiese ma en pa:**
- Haar biologiese ma is Kinnie Kuiper, Jannerik se dogter. Ook bekend as Veronica.
- Haar biologiese pa is Fred Blanckenberg.
- Fred se vrou pleeg selfmoord toe Veronica haar van die baba vertel.
- Fred weet nie dat sy vrou van die baba geweet het nie.
- Kinnie/Veronica het vir niemand vertel nie en net Ousanna was by toe sy geboorte geskenk en daarna gesterf het.

**Janka beland op Meeuland:**
- Jannerik word deur Ousanna ingelig en hy vat die baba saam Meeuland toe.
- Sy kom onder groot geheimhouding in ’n sak daar aan.
- Niemand weet van die baba nie totdat Ryna haar hoor huil en gaan ondersoek instel.
- Die gedagte was om die baba net vir ‘n week te hou totdat Ousanna terugkom uit Kaapstad na haar oogoperasies.

**Die geheime kontrak:**
- Die baba se aankoms op Meeuland val saam met die geboorte van Elsabet en Jacob se baba.
- Daar is komplikasies en hulle baba, ook ’n dogtertjie, sterf.
- Jannerik, Ryna en Jacob besluit om die babas om te ruil.
- Hulle onderneem om nooit daaroor te praat nie.
- Elsabet en Janka mag nooit weet nie en Janka sal as ’n Langhans grootword.
- Jannerik moet vir Ousanna sê Kinnie se baba het gesterf.
- Terwyl die storm buite woed, begrawe hulle Elsabet en Jacob se babatjie.

**Die ooreenkoms tussen die duikertjie in die aanhaling en Janka se situasie:**

- Ryna bestudeer voëlgedrag vir 'n boek oor kusvoëls en kom op 'n malgaswyfie met twee verskillende kuikens af.
- Een van die kuikens is 'n donker duikertjie, maar dit lyk nie asof die malgaswyfie dit besef nie.
- Net soos Elsabet se babatjie, is die malgaskuiken baie swak.
- Die duikertjie is donkerder as die malgassie, net soos Janka dalk donker kan word omdat sy van gekleurde afkoms is.
- Ryna kan nie anders as om die ooreenkoms tussen die twee situasies raak te sien nie.

**Ryna verklap die geheim:**

- Niemand het geweet wie Janka se pa was nie.
- Ryna het 'n briefie tussen Kinnie se goed gekry toe sy reggemaak het om Ousanna se huis te koop.
- Sy lees toe daarin dat Fred Janka se pa was.
- Omdat sy geweet het hoe Jacob oor die Blanckenbergs voel, het sy besluit om nooit te praat nie.
- Elsabet is intussen van Jacob geskei en met Fred getroud.
- Na Elsabet se dood het Ryna dit nodig geag om vir Fred die waarheid te vertel.

**Slot**

- Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Die seiljag het gesink.<br>OF<br>Sy het haar greep verloor. | (1) | 1 |
| 6.2 | Skalla | (1) | 1 |
| 6.3 | Dit bring Meeulanders eiland toe/aan wal (omdat daar te veel rotse is vir groter bote). | (1) | 1 |
| 6.4 | (Hy was 'n held) omdat hy in <u>onstuimige see</u> (stormweer<u>)</u> uitgegaan het (om Elsabet te gaan haal).<br>(Die kern van hierdie vraag is dat die kandidaat die **weersomstandighede** moet omskryf.) | (1) | 3 |
| 6.5 | B Elsabet wou vroeër niks van Meeuland weet nie. | (1) | 3 |
| 6.6 | Die skuinsgedrukte teks is dagboekinskrywings.<br>Die normale druk is die storielyn. | (2) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.7.1 | Hy was die voorloper/gunsteling om burgemeester te word.<br>OF<br>Hy het gedink hy gaan wen. | (1) | 3 |
| 6.7.2 | C Sheila pleeg selfmoord.<br>D Fred word deur Skalla afgepers.<br>B Fred en Elsabet trou.<br>A Elsabet verdrink.<br>E Ryna vertel vir Fred wie Janka is.<br><br>**KOMPENSASIE VIR FOUT OP VRAESTEL**: Indien die leerders vier feite korrek gerangskik het, mag die leerder EEN punt ekstra kry, dus VYF punte. | (5) | 2 |
| 6.8 | Sy het 'n **briefie** (van Kinnie/Veronica in Kinnie se Bybel) gekry. | (1) | 1 |
| 6.9 | Pikkewyn/tjie | (1) | 1 |
| 6.10.1 | Onwaar | (1) | 3 |
| 6.10.2 | Dit was Kinnie se wekkertjie wat Ryna in 'n trommeltjie bo in Ousanna se huis se dak gevind. | (1) | 3 |
| 6.11.1<br>6.11.2<br>6.11.3<br>6.11.4 | D Jason Peters soen vir Doreen.<br>A Jacob wil nie Meeuland verlaat nie.<br>C Skalla bestuur dronk en Sheila is verlam in die ongeluk.<br>B Skalla en Billy laat Matthys hulle vuilwerk doen. | (4) | 2 |
| 6.12 | A wou teruggaan na Jacob toe op Meeuland. | (1) | 3 |
| 6.13 | Eie opinie, bv.<br><br>Ek hou nie van sy optrede nie.<br>Hy misbruik vroue.<br>Hy het geen respek vir vroue nie.<br>Ek sien geen probleem met hom nie. (Enige EEN)<br><br>Die kern hier is om die **optrede** te beoordeel. Die kandidaat moenie bloot net die optrede noem nie. | (1) | 4 |
| 6.14 | Slegs JA of NEE. | (1) | 4 |
| 6.15.1<br>6.15.2<br>6.15.3<br>6.15.4 | Skalla<br>Fred<br>Jackie<br>Veronica | (4) | 3 |
| 6.16 | "*donker geheime*" *(TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE)* | (1) | 3 |
| 6.17 | Die vlae wat wapper = die stormwind. (√)<br>Die vlae skeur in die wind = die Sheila 2 wat in die moeilikheid beland.(√√)<br>Die kruik wat breek = Elsabet wat verdrink. (√√) | (5) | 4 |

(Lengte tel nie.)

6.18 Eie opinie, bv.
**Ja**, dis 'n goeie keuse omdat die intrige van die verhaal op Meeuland afspeel/die verhaal eintlik handel oor die hoofkarakter op Meeuland.

**Nee**, die titel is 'n swak keuse, want daar word nie aandag geskenk aan die gebeure op Salamanderbaai of die Kaap nie. (1) 5

**[35]**

| **VLAK 1** | **VLAK2** | **VLAK 3** | **VLAK 4** | **VLAK 5** |
|---|---|---|---|---|
| **5** | **9** | **13** | **7** | **1** |
| **40%** | | **37%** | **23%** | |

OF

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlik feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

Gebruik die rubriek na VRAAG 16.

**Inleiding:**
- Die stelling word sinvol ingelei.

**Die gevolge van Poppie se troue met Stone:**
- As vrou van 'n Xhosa, bring haar troue teenspoed.
- Sy moet weg uit Lambertsbaai.
- Haar familie verlaat haar.
- Sy het 'n voortdurende stryd teen die apartheidswette/rassisme/armoede.

**Poppie se probleme met haar pas:**
- Sy trek self Nyanga toe, sonder Stone.
- Die Kaap bring nuwe probleme: permitte/pas/busprobleme.
- Poppie sukkel met hernuwing van permitte.
- Sy werk onder moeilike omstandighede: vervoerprobleme, staan vroeg op, laat besig, moet dikwels uitslaap.
- Stone sluit hom by haar aan en doen kontrakwerk.
- Poppie mag nie langer in die Kaap bly nie.
- Poppie moet kies tussen drie vreemde plekke.
- Sy kies Mdantsane naby Oos-Londen op aanbeveling van Mr Stevens.
- Sy voel deur familie verstoot.
- Sy hou moed en gaan vorentoe.
- Sy laat haar kinders skoolgaan.

**Stone se dood:**
- Stone sterf aan 'n maagkwaal.
- Stone se dood hou verband met spanning/stres wat hybeleef het.
- Poppie besluit om terug te keer Kaap toe.
- Poppie moet werk vir haar kinders.
- Sy besluit om sonder 'n pas te werk as inslaapbediende.
- Sy het probleme met haar ongehoorsame kinders.
- Poppie besef sy kan hulle nie beskerm nie; moet self stryd stry.
- Poppie bly enduit moedig/innerlike krag/reageer positief op haar uitdagings.

**Slot:**
- Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

**OF**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

8.1 Die beampte/paswetbeampte/man/ polisie-beampte wat die plasing (van die mense wat die Kaap verlaat het) moes doen. (1) 1

8.2 Ilinge OF Queenstown
Dimbaza OF King William's Town
Mdantsane OF East London/Oos-Londen (3) 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.3 | Ja,<br>Sy het vir haar kinders 'n skool gesoek EN<br>Sy wil nie trek as daar nie vir haar 'n huis is nie.<br><br>(Klem val op huis of skool.) | (2) | 3 |
| 8.4 | A Vukile | (1) | 3 |
| 8.5.1 | Moeilikheid vir Poppie veroorsaak/niks het reggekom nie. | (1) | 3 |
| 8.5.2 | (Na 1994)(later) het alles/dinge verander/reggekom. | (1) | 3 |
| 8.6 | Eie opinie, bv.<br>Ja, niks loop vir haar reg nie/sy kry swaar/sukkel met te veel dinge/Kinders waardeer nie wat sy vir hulle doen nie.<br><br>Nee, sy moes van beter geweet het as om met Stone te trou/sy kon vroeër in opstand gekom het.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 5 |
| 8.7.1 | Dis toneelaanwysings.<br>Dit wys wat die akteurs moet doen.<br>Dis die newe-teks.<br>Dit wys wat Poppie doen. | (1) | 3 |
| 8.7.2 | Sy was geskok.<br>Sy was verslae.<br>Sy was te geskok om te beweeg.<br>Sy is gelate.<br>Sy aanvaar alles. | (1) | 3 |
| 8.8.1 | Onwaar | (1) | 3 |
| 8.8.2 | (Poppie moes trek) omdat sy die vrou van 'n Ciskeise burger was.<br>OF<br>Sy was getroud met Stone/'n Xhosa. | (1) | 3 |
| 8.9.1 | Waar | (1) | 3 |
| 8.9.2 | Nongena beteken: Geen ingang/geen toegang EN<br>dit simboliseer haar gesukkel om permanent in die Kaap te mag woon. | (2) | 3 |
| 8.10 | A Die manne kom vra damage-geld vir die swanger weeskind.<br>C Stone sterf.<br>D Poppie gaan permanent terug Kaap toe.<br>B Poppie kry werk by Mrs Swanepoel. | (4) | 2 |
| 8.11.1 | Tata-ka-Bonsile | | |
| 8.11.2 | Meisie uit 'n geslag van groot vroue. | | |

8.11.3 Die Engels- en Afrikaanssprekendes nie die Xhosaname kon uitspreek nie. (3) 3

8.12
- Die onmenslike wette, soos bv. paswette en die Groepsgebiedewet, het Poppie se gesinslewe vernietig.
- Dit het veroorsaak dat sy haar man moes agterlaat in Lambertsbaai en alleen met haar baba Nyanga toe gaan.
- Dit het veroorsaak dat haar man sy gesondheid op die spel plaas om kontrakwerk te kry.
- Toe moes Poppie die Kaap verlaat en alleen met vyf kinders die mas opkom in Mdantsane.
- Vir die grootste deel van haar getroude lewe moes sy alleen na haar kinders omsien.
- Stone se dood is indirek deur stres veroorsaak.

(Enige VYF aanvaarbare feite) (5) 2

8.13 Sy moes by wette aanpas.
Sy kon niks verander nie.
Sy is geen keuse gelaat nie. (1) 5

8.14 Eie opinie, bv.
Ek sou teen die wette in opstand gekom het/maar ook ingeval het by die wette.
**(Geen kru taal nie)**
(Of soortgelyk) (1) 4

8.15 Ek dink hy was baie positief/simpatiek/hulpvaardig teenoor haar en dit sien ons aan die manier waarop hy haar behandel toe sy 'n blyplek moes kies.
(Of soortgelyk) (1) 4

8.16 Opinie oor mense: bv. respek vir vermoë om aan te pas.
OF
Opinie oor gedwonge verskuiwing: bv.
Ek dink dis verkeerd/onmenslik om mense so te ontwortel.
Ek kan daarmee saamstem indien die mense verskuif word omdat hulle in lewensgevaar is waar hulle woon/nie toegang het tot water, ens. nie.
Ek het respek vir/simpatie met die mense/voel jammer vir hulle.
(Of soortgelyk) (1) 4

8.17 Dit leer ons die land se geskiedenis/mense se optrede verstaan.
Ons leer uitreik na ander mense met probleme.
Dit maak ons sensitief vir ander se probleme.
Mense voel jammer oor hulle optrede in die verlede.
(Enige TWEE aanvaarbare antwoorde) (2) 5
**[35]**

| **VLAK 1** | **VLAK2** | **VLAK 3** | **VLAK 4** | **VLAK 5** |
|---|---|---|---|---|
| **4** | **9** | **14** | **2** | **6** |
| **37%** | | **40%** | **23%** | |

OF

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG**

***PALJAS* – Chris Barnard**

| By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlik feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. |
|---|

Gebruik die rubriek na VRAAG 16.

**Nasieners moet daarop let dat die storielyn beoordeel word. Hulle moet hulle nie blindstaar teen terminologie nie.**

**Inleiding:**
- Die spesifieke fases moet in die inleiding genoem word.

**(Eksposisie)**
- Die leser leer die karakters ken: Hendrik, Katrien, Emma, Willem, Frans en Nollie.
- Die ruimte word bekendgestel: Karoo en Toorwater.

**(Motoriese moment:)**
- Dis die gebeurtenis wat handeling (drama) aan die gang sit.
- Die gesin hoor die gebrul van die leeu.
- Die sirkustrein staan op die stasie.

**(Verwikkeling:)**
- Die drama ontwikkel.
- Spanning word opgebou.
- Die gesin kommunikeer nie.
- Emma is bang vir 'n verhouding met Nollie.
- Emma se houding veroorsaak konflik met Hendrik.
- Emma se houding veroorsaak ook konflik tussen Katrien en Hendrik.
- Katrien se innerlike konflik oor aandag van Frans word uitgebou.
- Hendrik gesels oor onbelangrike dinge.
- Die gebrek aan kommunikasie tussen Hendrik en Katrien word uitgebou.
- Manuel en Willem se verhouding word uitgebou.
- Willem begin met Manuel kommunikeer.
- Die gesin se verhouding met die gemeenskap word belig.

**(Krisis:)**
- Dis die toppunt van die spanning.
- Die polisie skiet vir Manuel.

**(Klimaks:)**
- Dis die ommekeer van die spanning (konflik).
- Die gebeure tydens die volstruisdans.
- Die gesin word met tamaties en eiers weggejaag.
- Die gesin kom voor hulleself te staan.
- Emma wys daarop dat hulle net oor onbelangrike dinge gesels.

**(Oplossing/Ontknoping:)**

- Die konflik word opgelos.
- Die gemeenskap kom vra om verskoning.
- Die gemeenskap dans saam.

**Slot:**
Die vertelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

OF

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10.1 | Willem | (1) | 1 |
| 10.2 | Hy wil nie praat nie/het twee jaar tevore laas gepraat.<br>(Nie angstoestand nie) | (1) | 1 |
| 10.3 | Hy het geskrik vir iets OF hy is bang vir iets OF hy ly aan 'n angstoestand.<br>Hy het iets sien gebeur wat hy nie kan verwerk nie.<br>Hy is ongelukkig met die lewe. | (3) | 1 |
| 10.4 | Oudokter sê hulle moet geduldig wees OF wag.<br>Hendrik wil die kind slaan OF met hom raas OF hom dreig. | (2) | 2 |
| 10.5 | Hy skree alles reg. | (1) | 3 |
| 10.6 | Manuel (Spelfout word aanvaar: Manual) | (1) | 1 |
| 10.7.1 | C Karoo | | |
| 10.7.2 | A Katrien | | |
| 10.7.3 | D Hendrik | (3) | 2 |
| 10.8 | C Hendrik nie 'n vrou verstaan nie. | (1) | 3 |
| 10.9 | C die McDonald-gesin weer kommunikeer. | (1) | 3 |
| 10.10 | Die nar praat Willem se taal.<br>Manuel is nie so konserwatief soos Willem se ouers nie.<br>Hy leer Willem om toertjies te doen.<br>Hy praat hoendertaal met Willem en dit laat hom lag.<br>Hy tree soos 'n kind op met die wysheid van 'n volwassene.<br>Hy kommunikeer op 'n ander vlak met Willem as sy ouers.<br>Hy is alles wat Willem graag wil wees.<br>Hy wys dat grootmense ook koel kan wees.<br>Hy speel met hom.<br>Hy leer hom teken.<br>Hy leer hom lag.<br>(Enige VYF aanvaarbare feite) | (5) | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10.11 | Wat hy dink/sy gedagtes.<br>(**Baie belangrik**: die foto is nie deel van die spraakborrel nie.) | (1) | 3 |
| 10.12 | C McDonald-gesin besluit om na die volstruisdans te gaan.<br>B Die mense gooi hulle by die dans met tamaties en eiers.<br>D Hulle is huis toe en Hendrik wil aangaan asof niks gebeur het nie.<br>A Emma identifiseer die gesin se probleem. | (4) | 3 |
| 10.13.1 | Waar | (1) | 3 |
| 10.13.2 | Hy staan teenoor Hendrik as verteenwoordiger van die gemeenskap wat nie ander se eensaamheid verstaan nie.<br><br>(Kern van hierdie vraag is dat **TWEE persone** teenoor mekaar gestel word.) | (1) | 3 |
| 10.14 | Hy veroorsaak die konflik wat die gebeure in die drama aan die gang sit. | (1) | 3 |
| 10.15 | Eensaamheid van mense.<br>Verlatenheid en isolasie van mense.<br>Gebrekkige kommunikasie.<br>(Enige EEN van hierdie temas)<br>**Die rede vir die keuse van 'n tema kan gegrond wees op en gemotiveer wees uit die alledaagse lewe.**<br>**(Let Wel: Liefdesdriehoek is nie 'n tema nie.)** | (2) | 3 |
| 10.16 | Hulle het nie 'n goeie verhouding nie.<br>Hulle is ongelukkig.<br>Hulle voel onseker oor mekaar.<br>Daar is swak kommunikasie tussen hulle.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 10.17 | Dramatiese doelstelling. | (1) | 4 |
| 10.18 | Eie opinie, bv.<br>Ja, die kind is stout en moet gestraf word.<br>Nee, 'n pa tree nie so teenoor sy kind op nie.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 5 |
| 10.19 | Eie opinie, bv.<br>Ja, gebrek aan kommunikasie is vandag 'n algemene probleem/ouers en kinders verstaan mekaar nie.<br>(Enige ja-antwoord) | (1) | 5 |
| 10.20 | Ja, want die Karoo met sy dorre landskap word 'n simbool van eensaamheid/gebrek aan kommunikasie.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 5 |
| 10.21 | Die prent van die nar hou verband met die titel en die tema.<br>Die voorblad hef belangrike simbole in die drama uit.<br>Die voorblad prikkel die leser se belangstelling. | | |

Die voorblad skep afwagting.
In die drama kry ons simbole soos balletjies, sakdoeke, ens.
Die nar en die konsertina speel 'n belangrike rol in die drama.
(Of enige sinvolle antwoord) (1) 5
**[35]**

| VLAK 1 | VLAK2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| **5** | **11** | **13** | **2** | **3** |
| **16** | | **14** | **5** | |
| **46%** | | **40%** | **14%** | |

## AFDELING C: KORTVERHALE

***STORIEJOERNAAL***

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG**

***KAPTEIN DUIWEL* – Dana Snyman**

| |
|---|
| By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlik feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. |

Gebruik die rubriek na VRAAG 16.

**Algemene oriëntering**: Nasieners moet hier insien dat dit gaan oor wat **snaaks** is in die verhaal, m.a.w. waarvoor jy gelag het. Die kandidaat se opinie moet beoordeel word.

**Inleiding:**
- Die stelling moet sinvol ingelei word.

**Die rol van Ouma:**
- Ouma vra dieselfde vraag (is dit die fênbelt) oor en oor.
- Sy hou aan al hoor sy dit is nie die oorsaak nie.
- Sy is doodstil in die motor as die krisis die grootste is.
- Sy vra aan die einde weer dieselfde vraag.
- Sy irriteer vir Pa met haar vraag; die verteller wys egter op die humor.
- Sy noem Pa ook "hartjie" wat 'n irritasie kan wees.
- Dis humoristies vir die leser – ons kan die ou vrou in ons gedagte sien; die manier waarop sy Pa aanspreek is ook lagwekkend.

**Kaptein Duiwel se rol:**
- Die verteller beskryf Kaptein Duiwel as die redder in elke situasie. Dit is snaaks omdat:
  hy baie onvas op sy voete is.
  hy grootdoenerig en grootpraterig is.
  sy drinkery nie ophou nie – hy gooi wynbottels by die venster uit.
  dit eintlik ironies is dat hy as redder te vinnig ry en dus 'n bedreiging word.
- Sy taalgebruik is snaaks.
- Sy titel (Kaptein Duiwel) is snaaks.
- Sy voertuig is soos 'n "big dipper".
- Die beskrywing van hoe voertuig beweeg, is ook humoristies. (oordrywing)

**Die rol van Pa:**
- Pa lyk in beheer van homself.
- Hy raak ontsteld tydens die wilde jaagtog.
- Sy taalgebruik maak die situasie humoristies – hy gebruik "ontset" as hy die motor wil losruk.
- Die bepaling van die hoeveelheid water in verkoeler is snaaks.

**Die rol van Ma en Oupa:**
- Ma lees Mills en Boon; dis baie snaaks dat sy in so 'n situasie ontvlug in 'n liefdesverhaal.
- Ma vertel ook van mense wat mekaar na 'n vliegtuigramp opgeëet het; dis humoristies dat hulle bang is so iets sal met hulle gebeur. Hulle is nie so ver van die beskawing af dat iemand nie daarlangs sal kom nie.
- Oupa hang halflyf by die venster uit om die lorrie te probeer stop.
- Dis ook 'n lagwekkende beskrywing as Oupa Psalms sing uit vrees.

**Oordrywing en ironie**
- Ontsetting van lorrie deur pa.

**Slot:**
- Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

OF

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Mutsuku* – Izak de Vries

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12.1 | Hulle gaan hul pensioen haal.<br>OF<br>Hulle gaan soos ryk mense note (geld) in hulle sakke hê.<br>(Direkte aanhaling is ook korrek) | (1) | 1 |
| 12.2 | Daar is nie geld vir pensioene nie.<br>Hulle moet eers vorms invul vir geld.<br>Hulle sal later geld kry.<br>Hulle moet eers hospitaal toe gaan.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| 12.3 | Dit wat die pensioenarisse verwag het gaan gebeur, het nie gebeur nie:<br>Hulle het nie pensioen gekry nie.<br>Hulle het nie ryk geword nie.<br>Hulle bly arm.<br>Hulle het nie note gekry nie, maar net vorms.<br>Hulle is nou in slegter posisies as wat hulle was.<br>Hulle kom met ’n vorm in plaas van geld terug.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 12.4.1 | Waar | (1) | 3 |
| 12.4.2 | “laaste bietjie spaargeld wat hy sommer aan die begin van elke maand wegsit”<br>Hy het geld oor vir die Taxi.<br>(of soortgelyk in eie woorde uit hele teks/kortverhaal) | (1) | 3 |
| 12.5 | Hulle gee nie vir die pensioenarisse om nie.<br>Hulle respekteer nie die pensioenarisse nie.<br>Minagting.<br>Hulle doen net hulle werk (Enige antwoord wat negatiewe houding weergee.)<br>(Sinonieme word aanvaar.) | (1) | 3 |
| 12.6.1 | Onwaar | (1) | 3 |
| 12.6.2 | Hy het die pap gelykop verdeel.<br>Mnr. Ndou het avokado’s geëet.<br>Hy het die laaste bietjie van sy pap altyd vir Mutsuku gegee.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 12.7 | Pensioenarisse het by (NTK) mieliemeel gekry.<br>Die bure/bure (se kinders/seuns) het gesien dat mnr. Ndou mieliemeel/pap het. | | |

**Die nag** het mense by hom ingebreek.
Hulle het 'n sak oor sy kop getrek. .
Mutsuku is baie geslaan/het gebloei/seergemaak/aangerand.
Hulle is daar weg met mnr. Ndou se mieliemeel. (5) 2
(Enige VYF feite)

12.8.1 B Dit vul al die hongerplekke in sy maag.

12.8.2 A Dit is die vrou by wie mnr. Ndou die huisie huur.

12.8.3 D Mnr. Ndou bid die aand vir die persoon. (3) 2

12.9 A onderwyser wat vir mnr. Ndou kos bring.
B dokter wat bekommerd is oor mnr. Ndou. (2) 3

12.10 Hulle het nie pensioen gekry nie.
Hulle het nie kos om te eet nie.
Hy is bekommerd oor die hond/geld.
(Enige EEN)
(**Honger** word nie aanvaar nie.) (1) 3

12.11 Mens en dier is afhanklik van mekaar.
Diere (soos Mutsuku) gee mense (soos mnr. Ndou) iets om voor te leef.
Daar is goeie verhouding tussen mens en dier.
Mutsuku kom eerste.
'n Hond is die mens se beste vriend.
Onselfsugtige/goeie verhouding.
Hulle is soos familie/vriende.
(Enige EEN) (1) 4

12.12 B Mutsuku word al hoe sieker nadat kinders hom geslaan het.
D Mnr. Ndou sny sy voorarm oop en smeer van die etter uit Mutsuku se wonde op sy eie wond.
A Hy gaan hospitaal toe en kry antibiotika vir sy arm.
C Hy gee die antibiotika vir Mutsuku, maar die hond word nie beter nie. (4) 2

12.13 Mutsuku/die hond is dood/het gevrek. (1) 1

12.14 Hy is so hartseer oor Mutsuku se dood as wat iemand sal wees oor die dood van 'n familielid.
Die hond was sy familie.
Hy is hartseer/ontsteld.
Dit is 'n simbool van simpatie en respek. (1) 5
(Enige EEN)

12.15 Sy hart is gebreek.
Hy is vreeslik hartseer/huil/ontsteld/emosioneel.
(Die klem lê op **hartseer**)
(Enige EEN) (1) 3

12.16 Die verteller het simpatie met mense wat swaarkry.
Hy gee om.
Hy het begrip.
(Enige EEN)
(Let ook op **sinonieme** soos jammerte en respek.) (1) 4

12.17.1 alomteenwoordige verteller
12.17.2 beskryf
12.17.3 doen
12.17.4 armoede (4) 3

12.18 Armoede en die gevolge daarvan
Liefde vir diere
Korrupsie
Gemeenskap nie simpatiek nie
Burokrasie
Swak diens
’n Hond is die mens se beste vriend.
(Sien die **tema** as ’n **boodskap** of **lewensles**) (1) 3

12.19 Eie opinie, bv.
**Ja**, vir baie mense word diere soos familielede.

**Nee**, dis onvanpas, 'n mens moet onthou, 'n dier is 'n dier.
(Enige aanvaarbare antwoord) (1) 4

12.20 Eie opinie, bv.
Hy sou beter mediese sorg vir sy hond gehad het.
Die hond sou nie doodgegaan het nie.
Die hond sou bly leef het.
Hy sou nie so hartseer gewees het nie.
Die einde sou gelukkig gewees het.
Sy lewensomstandighede sou verbeter.

(Konsentreer op die **slot**. Enige aanvaarbare antwoord binne konteks van (1) Mutsuku wat dood is en (2) die hartseer van mnr. Ndou en hoe geld dit sou verander of nie verander nie). (1) 5
**[35]**

| **VLAK 1** | **VLAK2** | **VLAK 3** | **VLAK 4** | **VLAK 5** |
|---|---|---|---|---|
| **3** | **12** | **15** | **2** | **3** |
| **15** | | **15** | **5** | |
| **43%** | | **43%** | **14%** | |

OF

**AFDELING D: GEDIGTE**

**Beantwoord TWEE van die volgende gedigte.**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VERSJOERNAAL***

***My siel, Pa*** **– Marie van Rensburg**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13.1 | "top"/"Dux"/Dux –leerling | (½) | 1 |
| 13.2 | Hy moet ekstra vakke neem.<br>Hy moet top prestasies behaal.<br>Hy moet die beste wees.<br>Hy moet die dux-leerder wees. | (1) | 1 |
| 13.3 | Atletiek (Spelling moet in Afrikaans wees)<br>Hardloop<br>Marathon<br>Resies | (1) | 3 |
| 13.4 | Sy hakskeen/haksening gee probleme.<br>OF<br>Hy het 'n voetprobleem.<br>Sy Achilleshiel pla. | (1) | 1 |
| 13.5.1 | Onwaar | (1) | 3 |
| 13.5.2 | Hy het selfs beter as sy pa presteer omdat hy SA-skole gehaal het.<br>Kerngedagte is **beter**. | (1) | 3 |
| 13.6 | Dit bring eer vir sy pa.<br>Dan kan sy pa met hom spog.<br>Hy maak sy pa trots. (Gelukkig of bly word nie aanvaar nie.) | (1) | 1 |
| 13.7 | C paarrym | (1) | 3 |
| 13.8 | C sy pa se hoë verwagtinge van hom. | (1) | 3 |
| 13.9.1 | B retoriese vraag | | |
| 13.9.2 | C metafoor | | 2 |
| 13.9.3 | A vergelyking | (3) | 2 |
| 13.10.1 | Galgtou OF tou OF galg (moet een woord wees) | | 3 |
| 13.10.2 | Donker kleed OF donker lap OF donker doek OF donker sak<br>(Dit moet TWEE woorde wees) | (2) | 3 |
| 13.11 | Hartseer OF wanhoop OF frustrasie OF moedeloosheid OF bedruktheid/<br>Misnoegdheid OF depressiwiteit OF negatief<br>('n Woord wat 'n negatiewe gevoel beskryf.) | (1) | 4 |
| 13.12 | Ja; ouers mag nie onbereikte ideale op kinders oordra nie/ pa weet dalk beter/hy druk seun om te presteer/ pa moet drome sy respekteer. | | |

Nee: die pa weet dalk beter/die seun probeer altyd sy beste te doen.. (1) 4

13.13 As net 'n foto OF beeld OF replika OF afdruk OF duplikaat OF ewebeeld **van sy pa** OF nie 'n mens in eie reg nie OF nie regtig homself nie OF sonder siel/nie eie identiteit nie. (1) 1

13.14 (Sy) siel OF menswees OF persoonlikheid OF homself OF identiteit OF lewe OF eie lewe te leef OF spasie OF ruimte. (1) 3

**[17½]**

| VLAK 1 | VLAK2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 4 ½ | 3 | 8 | 2 | 0 |
| 7 ½ | | 8 | 2 | |
| 43% | | 45% | 12% | |

OF

**VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VERSJOERNAAL***

***Woonstelbewoner* – Sheila Cussons**

14.1 Dit sê vir ons waar die verteller hom/haar bevind.
Dit plaas die gedig in konteks.
Die persoon ('n mens) woon in 'n woonstel.
Konsentreer of op die kern(bewoner) OF die bepaler (woonstel).
(Enige EEN) (½) 1

14.2 "seëninge"(EEN woord) (1) 3

14.3 D aandagtig (1) 2

14.4 A klanknabootsing (1) 3

14.5 Dit dra die hartseergeluid van die voël goed oor.
Dit beklemtoon die verteller se gemoedstemming.
Dit wys dat sy hartseer is.
Dit wys dat sy eensaam is.
Dit wys dat sy depressief is.
Die verteller voel blou.
(Enige EEN) (Of SOORTGELYK)
(Kandidaat moet uitbrei op **gemoedstemming**.) (1) 5

14.6.1 Waar (1) 3

14.6.2 Die lawaai van die bure se TV is oorweldigend.
**Oorweldigende** geluid teenoor 'n **klein** klikgeluidjie.
Die geluid is **hard** teenoor **sag**.
Die geluid is **aanvaarbaar**/welkom teenoor **onaanvaarbaar**.
Die klikgeluid is **positief** teenoor die **negatiewe** geluid van TV
Die klikgeluid is hoorbaar met **tussenposes** teenoor die **konstante** (1) 3

| | | | |
|---|---|---|---|
| | lawaai (geluid) van die TV><br>(Enige EEN) (Of SOORTGELYK) | | |
| 14.7 | Daar is iets wat kook op die stoof/”dat iets daarop prut”<br>Dit word aand/tyd vir aandete. ”/die energieke dag nou nag toe staan.<br>(**Aanhaling** van reël 8 - 9 is aanvaarbaar) | (2) | 1 |
| 14.8 | energiek<br>besig<br>bedrywig<br>vol<br>dag vol geluidef<br>aktiewe dag.<br>(Enige EEN) (Of SOORTGELYK) | (1) | 1 |
| 14.9.1 | D personifikasie | (1) | 2 |
| 14.9.2 | A klanknabootsing | (1) | 2 |
| 14.9.3 | B alliterasie | (1) | 2 |
| 14.10 | Sy het ’n negatiewe gevoel.<br>Sy het nie ’n positiewe gevoel nie.<br>Die verteller sukkel om kalm te bly as die televisie lawaai.<br>Sy haat TV.<br>Sy is gefrustreerd.<br>Sy is geïrriteerd<br>Sy hou nie van die TV nie.<br>Sy is nie kalm nie.<br>Die TV pla haar.<br>(Enige EEN) (Of SOORTGELYK) | (1) | 3 |
| 14.11 | Jy is uitgelewer aan die geluide.<br>Daar is geraas om jou. (TV-geluide)<br>Jy kan nie wegkom van jou bure se lawaai nie.<br>(Enige EEN)<br>(Dit is belangrik dat die **lawaai van die TV** sentraal moet staan.) | (1) | 3 |
| 14.12 | Sy verwys na die TV as die “TV-ding”.<br>Sy verwys na die TV as ’n onding.<br>“die beleg van my sinne tot in my skedel” (aanvaar aanhaling)<br>Sy is knersend kalm.<br>(Enige EEN) | (1) | 5 |
| 14.13 | beleg (Moet net EEN woord wees.) | (1) | 1 |
| 14.14 | Eie opinie, bv.<br><br>**Ja**, dit kan frustrerend wees om in ’n woonstel te bly, want die bure is te naby.<br><br>**Nee**, sy kan ’n ander blyplek gaan soek/sy vind fout met alles. | (1)<br>**[17½]** | 5 |

| VLAK 1 | VLAK2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| **4½** | **4** | **6** | | **3** |
| **8½** | | | | |
| **48%** | | **35%** | **17%** | |

**OF**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

***VERSJOERNAAL***

***Vrou langs die pad* – Louis Esterhuizen**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15.1 | Vlottenburg<br>in krothuisie<br>pandokkie<br>tweevertrekhuisie<br>plaas<br>wynplaas<br>(Enige EEN) | (½) | 1 |
| 15.2 | Sy was in 'n tref-en-trapongeluk.<br>Sy is doodgery.<br>Sy was in 'n ongeluk. (nie motorongeluk nie)<br>Sy is gestamp. (deur 'n motor/kar)<br>Sy is omgery. (nie net dood nie)<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| 15.3.1 | Waar | (1) | 3 |
| 15.3.2 | "slaap" (EEN WOORD). | (1) | 3 |
| 15.4 | (Sy was op pad na die) halte. | (1) | 3 |
| 15.5 | Die bloedstroom "jaag" weg.<br>Die bloedstroom beweeg.<br>Die bloedstroom vloei weg.<br>Die bloedstroom stroom weg.<br>Die vrou lê nog daar.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 15.6 | krom aansukkel (TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) | (1) | 3 |
| 15.7 | arm(oedig) (kan omskrywing gee) | (1) | 5 |
| 15.8 | metonimia (bring twee dinge/sake wat baie na aan mekaar is, in verband met mekaar.<br>(Om dit te beklemtoon dat die kinders op hulle ma se terugkoms gewag het/hardop gesê het hulle wonder wanneer sy terug sal wees, word dit juis nie direk gesê nie, maar op 'n ander manier geskryf.) | (1) | 3 |
| 15.9 | smal pad wat dorp toe krul (SES OPEENVOLGENDE woorde) | | |

(Kern is **smal** en **krul**) (1) 2

15.10 Hy stop sy pyp/rook sy pyp.
Hy tuur/staar/kyk voor hom uit.
(Mag aanhaal, maar mag nie geduldig of wag gebruik nie. Die klem val op **wat hy doen**.) (2) 3

15.11 B dit ŉ doodgewone dag in die gesin se lewe beskryf. (1) 3

15.12.1 C vergelyking (1) 2
15.12.2 A simbool (1) 2
15.12.3 B personifikasie (1) 2

15.13.1 Waar (1) 3

15.13.2 Die kinders sal ŉ ander speletjie speel.
Die lewe staan nie stil nie.
Na hartseer en dood, kom daar weer aanvaarding.
Die plaaswerkers sal weer druiwe pluk.
ŉ Mens kan nie vir altyd aanhou treur nie.
(Enige EEN)
(Die motivering is nie teksgebonde nie. Die kandidaat mag nie die stelling herhaal nie.
*Hulle vergeet haar,* is **nie korrek nie**. (1) 3

**[17½]**

| **VLAK 1** | **VLAK2** | **VLAK 3** | **VLAK 4** | **VLAK 5** |
|---|---|---|---|---|
| **1½** | **4** | **11** | | **1** |
| **30%** | | **64%** | **6%** | |

**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VERSJOERNAAL***

***e-sonnet* – Susan Smith**

16.1 Elektronies (e).
Die boodskap word elektronies gestuur.
Die boodskap word met die rekenaar gestuur.
Dit is ŉ e-pos wat gestuur word.
(Enige EEN) (½) 1

16.2.1 Waar (1) 3

16.2.2 Die spreker het met ŉ skuifspeld en of ponser en of kram gewerk.
(Aanvaar versreël 1 as aanhaling MAAR **hele strofe aangehaal** is **nie korrek nie).** (1) 3

16.3.1 D dui op die manier waarop die spreker in die verlede briewe gebêre het. (1) 2
16.3.2 E enige papierwerk netjies te orden. (1) 2
16.3.3 B dui op die manier waarop die meeste pos gestuur word. (1) 2

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16.3.4 | C slaggereed is. | | (1) | 2 |
| 16.3.5 | A die kuberruimte. | | (1) | 2 |
| 16.4 | die woord "hoort" uit te hef<br>OF<br>hoort | | (1) | 3 |
| 16.5 | C/cjm@telkom.com | | (1) | 3 |
| 16.6 | "langsamerhand"<br>(EEN WOORD) | | (1) | 3 |
| 16.7 | **Ja**, met behulp van 'n e-posadres is kommunikasie vinnig/<br>OF<br>**Nee**, want ek het nie 'n rekenaar nie. (OF SOORTGELYK)<br>(Dit gaan net oor e-posadres, maar moenie klem lê op **adres** nie.) | | (1) | 4 |
| 16.8 | B te wys dat die verhouding met die rekenaar hegter word. | | (1) | 3 |
| 16.9 | Daar is 'n negatiewe houding:<br>• despoot: die rekenaar regeer die mens se lewe<br>• rekenaar het buie<br>• eenoog – onpersoonlik/monsteragtig (ENIGE EEN) | | (1) | 5 |
| 16.10 | **Ja**, dit kan baie inligting verwerk en stoor.<br>OF<br>**Nee**, dit kan mense frustreer as dit nie reg funksioneer nie.<br>(Enige aanvaarbare antwoord: Dit gaan oor **gebruik** van rekenaar) | | (1) | 4 |
| 16.11 | Die titel dui daarop.<br>Die gedig het 14 versreëls.<br>Die gedig het 'n beeld en 'n toepassing.<br>Die gedig is verdeel in 'n oktaaf en sestet(sekstet).<br>Die gedig het twee kwatryne en 'n sestet (sekstet).<br>Die gedig het 'n sestet (sekstet) wat uit twee tersines bestaan. | | (2) | 3 |
| 16.12 | Metafoor/personifikasie | | (1)<br>**[17½]** | 3 |

| **VLAK 1** | **VLAK2** | **VLAK 3** | **VLAK 4** | **VLAK 5** |
|---|---|---|---|---|
| **½** | **5** | **9** | **2** | **1** |
| **31** | | **51%** | **17%** | |

**GROOTTOTAAL: 70**

# EERSTE ADDISIONELE TAAL: RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

| **KODES EN PUNTETOEKENNING** | | **INHOUD (25)**<br>**Verantwoording (kennis) en begrip van die voorgeskrewe werk. Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente (toepaslike/geskikte feite/stellings).** | | **STRUKTUUR EN TAAL (10)**<br>**Struktuur, logiese vloei (ontwikkeling) en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|
| ***Kode 7***<br>**A**<br>**80 – 100%** | Uitmuntend (Puik/ uitstekend)<br>**20 – 25 punte** | In-diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | Uitmuntend (Puik/ uitstekend)<br>**08 – 10 punte** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en slot.<br>Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| ***Kode 6***<br>**B**<br>**70 – 79%** | Verdienstelik (baie goed)<br>**17½ – 19½ punte** | Bogemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is deeglik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | Verdienstelik (baie goed)<br>**7 – 7½ Punte** | Opstel is goed gestruktureerd<br>Goeie inleiding en slot.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en stylis korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| ***Kode 5***<br>**C**<br>**60 – 69%** | Beduidend (goed)<br>**15 – 17 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks is duidelik. | Beduidend (goed)<br>**6 – 6½ Punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, slot en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (Koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| ***Kode 4***<br>**D**<br>**50 – 59%** | Voldoende (gemiddeld)<br>**12½ – 14½ punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Die meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | Voldoende (gemiddeld)<br>**5 – 5½ Punte** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| ***Kode 3***<br>**E**<br>**40 – 49%** | Matig (Onder-gemiddeld)<br>**10 – 12 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie. | Matig (Onder gemiddeld)<br>**4 – 4½ Punte** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Kode 2**<br>**F**<br>**30 – 39%** | Basies (swak)<br>**7½ – 9½ punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie/Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Swak houvas op genre en teks. | Basies (Swak)<br>**3 – 3½ punte** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |
| ***Kode 1***<br>**F tot H**<br>**0 – 29%** | Ontoereikend (Baie swak)<br>**0 – 7 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Ontoereikend (Baie swak)<br>**0 – 2½ Punte** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik.<br>Verkeerde styl en toon. |

- Bepunt eers die inhoud en dan die taal.
- By nasien is dit belangrik dat eers bepaal word of die vraag goed, gemiddeld of swak beantwoord is. Plaas eers in een van hierdie kategorieë. Bepaal dan hoe goed, gemiddeld of swak die opstel is.
- Onderstreep op rubriek, met glim-pen, al die belangrikste vaardigheidsaanduiders. (bv. uitstekende reaksie, bo-gemiddelde reaksie).
- Inleiding en slot mag uit net een sin bestaan.
- ’n Goeie kandidaat kan in ’n korter opstel ’n baie goeie bespreking gee.

**KONTROLELYS BY DIE OPSTEL EN MODERERING VAN ’N VRAESTEL**

Die suksesvolle paradigmaverskuiwing van inhoudgedrewe onderrig en toetsing na die assessering van kennis en vaardighede deur middel van die teksgerigte en kommunikatiewe benadering vereis dat al die onderliggende aspekte van die Nasionale Kurrikulumverklaring in onderrig en leer beslag sal kry.

Sleutelvrae wat ’n rol sal speel in die beoordeling van toetse/assesseringstake sal die volgende wees:

| **KONTROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN VRAESTEL1** | | |
|---|---|---|
| **BEGINSELS** | **VRAE** | **KOMMENTAAR** |
| 1. Sosiale transformasie | √ | |
| 2. Hoë kennis en vaardigheidsvlakke | √ | |
| 3. Integrasie en toegepaste bevoegdheid | √ | |
| 4. Progressie | √ | |
| 5. Artikulasie/oordraagbaar | √ | |
| 6. Menseregte/inklusiwiteit | √ | |
| 7. Waardering vir inheemse | √ | |
| 8. Geloofwaardigheid/doeltreffend | √ | |
| **Kritieke en ontwikkelingsuitkomste** | | |
| **Kritieke uitkomste:** | | |
| 1. Identifiseer/los probleme op | √ | |
| 2 Werk doeltreffend in groepe | Nie van toepassing nie | |
| 3. Selfwerksaamheid | √ | |
| 4. Inligting versamel/reageer | √ | |
| 5. Kommunikeer doeltreffend | √ | |
| 7. Die wêreld as sisteem | √ | |
| **Ontwikkelingsuitkomste** | | |
| 1. Verskillende leerstrategieë | √ | |
| 2. Verantwoordelike burgerskap | √ | |
| 3. Kultuur/esteties sensitief | √ | |
| 4. Beroepsmoontlikhede | Nie van toepassing nie | |
| 5. Entrepreneurskap | Nie van toepassing nie | |
| | | |
| **Leeruitkoms 2: Lees en kyk** | | |
| **Lees/kyk vir begrip en waardering** | | |
| • Maak voorspellings | √ | |
| • Identifiseer hoofgedagtes | √ | |
| • Ondersteunende gedagtes uitlig | √ | |

| | | |
|---|---|---|
| • Som hoofgedagtes op | √ | |
| • Lei woordbetekenis uit konteks af | √ | |
| • Herlees vir begrip | √ | |
| **Betekenis van verskeidenheid tekste** | | |
| • Toepaslike inligting vind | √ | |
| • Seleksie/weglating van inligting beïnvloed betekenis | √ | |
| • Verskil tussen direkte en verskuilde betekenis | √ | |
| • Herken skrywer se standpunt | √ | |

| Uitkoms | Assesseringstandaard | Vraag | Kognitiewe vlak |
|---|---|---|---|
| LU 2 | 1. Toon verskillende leesstrategieë vir begrip en waardering<br>• vra vrae/voorspellings<br>• identifiseer hoofgedagtes/ondersteunende besonderhede<br>• gebruik kontekstuele leidrade<br>• herlees van tekste om begrip te bevorder | Afdeling A, B, C en D | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |
| | 2. Verduidelik die betekenis van teks<br>• vind inligting in tekste/ teksgedeeltes<br>• herken hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis raak<br>• motiveer 'n eie respons<br>• herken die verskil tussen direkte en verskuilde betekenis<br>• verduidelik die skrywer/karakter/ verteller se standpunt<br>• herken die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste | Afdeling A, B, C en D | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |
| | • herken en verduidelik die impak van figuurlike en retoriese taal en stylmiddels:<br>• inversie<br>• metafoor<br>• vergelyking<br>• personifikasie<br>• metonimia<br>• klanknabootsing<br>• simbool<br>• hiperbool<br>• kontras<br>• sarkasme<br>• ironie<br>• satire en antiklimaks<br>• vergelyk die skrywer se gevolgtrekking met eie | Afdeling D | |

| Uitkoms | Assesseringstandaard | Vraag | Kognitiewe vlak |
|---|---|---|---|
| | 2. Herken hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste:<br><br>• herken sosio-kulturele en politieke waardes, houdings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhouding, menseregte, inklusiwiteit en die omgewing<br>• herken die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie in teks. | Afdeling A, B, C en D | |
| 4 | 1. Verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie geskep word:<br><br>• Intrige en subintrige<br>• Konflik<br>• Karakter<br>• Rol van die verteller<br>• Boodskappe en temas in groter konteks<br>• Milieu – verband met karakter<br>• Stemming en tydsverloop<br>• Ironiese wending en afloop | Afdeling A, B, C en D<br><br>Afdeling A, B, C | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |
| | Poësie:<br>• Woordkeuse<br>• Stylfigure<br>• Beeldspraak<br>• Klank | Afdeling D | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |
| | Drama:<br>• Dialoog<br>• Handeling (verband met karakter en tema)<br>• Intrige en subintrige<br>• Karakteruitbeelding<br>• Konflik<br>• Dramatiese doelstelling<br>• Dramatiese struktuur<br>• Toneelaanwysings | Afdeling B | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |

Kopiereg voorbehou